Jongmense wat die kerkterrein skoon gemaak het, want die gedagte is dat hulle eienaarskap van die kerkgebou neem.

Gemeente gee verslaafde en doellose jeug nuwe lewe

Die verhaal van VGK Wellington-Bergrivier

***James MacKay** is leraar van die Wellington-Bergrivier-gemeente.*

Soos baie gemeentes wat gemeenskappe bedien waarbinne die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) tradisioneel werk, was die Wellington-Bergrivier-gemeente ook gekonfronteer met ’n geslag jong mense wat ten gronde gegaan het as gevolg van die probleme waarmee armer gemeenskappe dikwels worstel. Daarom het hulle besluit om *Timura* daar te stel – ’n gespesialiseerde bediening aan jongmense.

Wellington-Bergrivier se visie was lankal reeds “om ’n Geesvervulde oase vir alle mense” te wees. *Timura* funksioneer nou as verlengstuk van die gemeentebediening.

Ds James Mackay, gemeenteleraar, vertel: “Things like peer pressure, lack of discipline, teenage pregnancies, drug and alcohol abuse, sexual and physical abuse as well as some forms of violence, to name only some, are the typical problems facing our youth. They therefore often have no interest in furthering their education.

“All the above-mentioned problems lead to a vicious cycle of single parenthood, low education, psychological disorders and a low self-esteem, and even crime such as rape and theft.”

Die leraar en gemeenteleiers het begin met programme soos naweekkampe en rugbyklinieke, net om die seuns van die strate af te kry. Dié aksies het later uitgebrei tot ’n weeklikse dwelmberadingskliniek.

Mackay sê: “As ’n pro-aktiewe stap, neem ons jong mense na die plaaslike jeugtronk sodat hulle eerstehands kan sien en hoor wat die uiteinde van ’n pad van verkeerde keuses kan wees.

“Aanvanklik was die hele aksie maar taamlik ’n *one man show*. Die visie van die gemeente om ’n gestuurde gemeente te wees wat grense na alle mense toe oorsteek, het mettertyd egter so gegroei dat ons ’n nie-winsgewende organisasie *Timura Life Changing Centre* kon stig. *Timura* beteken ‘om te verander’ of ‘transformasie’, en is ’n moderne Hebreeuse woord. Ons huisves die organisasie sommer in ons kerkkompleks.”

Ds Mackay vertel dat dit dikwels gebeur dat jong mense vra of die kerkkompleks ook ná ure vir hulle oopgesluit kan word net sodat hulle ’n veilige ruimte kan hê om weg te kom van moeilike omstandighede by die huis.

“Die hooffokus van *Timura* is om die perspektief van kinders en jongmense van alle agtergronde só te verander dat hulle begin om in hulleself te glo, om hulle talente te ontdek en uit te reik na die beskikbare geleenthede, hoe min ook al. Daar probeer ons hulle horisonne verbreed. Ons lei die jongmense om stadigaan te ontdek dat daar ’n lewe anderkant tik en drankmisbruik is!”

Ds MacKay sê die gemeente se droom met Timura is die droom van Efesiërs 4:22 en 23: “Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word.”